# DIE SKIPPER

GEMEENTENUUS - NG DENEYSVILLE

2025 VOL.2

JUNIE 2025



## 'n Gemeente wat doen ...

In Handelinge 9:36-42 lees ons die verhaal van Tabita, of soos sy in Grieks bekend gestaan het, Dorkas, wat altyd besig was om aan ander goed te doen en die armes te help. Vers 36 sê dat sy ‘n gelowige vrou was. Sy het haar lewe geleef op so ‘n wyse dat ander daarby baat kon vind. Vers 39 sê vir ons dat Tabita baie handvaardig was en dat sy klere gemaak het. Miskien het sy klere gemaak om in haar lewensbehoeftes te kon voorsien, maar sonder twyfel sou sy ook hierdie talent gebruik het om die armes te help en goed te doen aan ander soos ons in vers 36 lees.

Maar ons moet nie vergeet dat die opdrag om armes te help en na hulle om te sien ‘n opdrag was wat aan die Kerk van God gegee is nie (Matt 25:40; Luk 12:33-34; Hand 2:44-45). En hierdie was nie ‘n versoek nie, dit was ‘n opdrag. Tabita was ‘n vrou wat hierdie opdrag aan die gemeente uitgeleef het. Haar talente het sy tot voordeel van die armes, die hongeres en die siekes uitgeleef. Maar in die proses het sy ook bygedra daartoe dat die gemeente in Joppe hulle Godgegewe opdrag kon uitvoer.

Ek dink terug oor die laaste tyd in ons eie gemeente. Dit was ‘n moeilike tyd – Tolla sou sê dit was rof en onbeskof – ‘n baie besige tyd met Hemelvaart, Basaar en Pinkster wat sommer so in een week ingepas moes word.


Intussen moes kospakkies uitgedeel word aan behoeftiges, die etes wat maandeliks aan hierdie behoeftiges bedien word moes gereël en gedoen word en dan praat ons nie eens van die ander klein dingetjies wat tussenin moet gebeur nie.



En so tussen al die gejaag het ek Saterdag tydens die basaar vir ‘n oomblik stil gaan staan en rondom my gekyk. Ek sien senior burgers wat sukkel om te loop besig om kaste koeldranke rond te dra. ‘n Tannie wat in ‘n stoel sit en koffie skink omrede sy sukkel om regop te staan, maar die wil en die begeerte is daar om ander te dien en te BEdien. Ek sien manne wat om die vuur staan en wors en sosaties braai en nie omgee om die res van die dag soos rook te ruik nie, want wat hulle doen, doen hulle met ‘n doel. Ek stap in die Jeuglokaal in en kry die “Jaffel”- bakkers hard aan die werk. Hulle mis al die pret van die lekker gees wat heers daarbuite en die goeie musiek wat die orkes maak, maar hulle swoeg om te sorg dat hulle taak afgehandel word. Toegewyd!

En ek wonder: “Wat dryf die mense in hierdie gemeentetjie in Deneysville om so hard te werk?”. Want hulle doen dit beslis nie vir hulle eie sak of gewin nie. Inteendeel! Wel, miskien is daar net een antwoord: Hulle het maar net geantwoord op die roeping van God om ‘n Tabita in ander se lewens te wees. Om ‘n Tabita in die gemeente te wees. Mense wat nie net wag om bedien te word nie, maar gekies het om te dien. En dis wat ons hier doen. In ‘n klein gemeentetjie wat soms maar stoei met baie dinge, kies die mense hier om die hande en voete van Christus vir diegene rondom hulle te wees.
Van kinders so jonk soos 11 tot die oudstes in die gemeente, skroom nie om elke maand kospakkies op te maak en by die hongeres se huise te gaan aflaai nie.

Hulle skroom nie om op eie kostes kos te maak vir die behoeftiges en by die kerk te staan en kos op te skep vir die voorreg om die armes te sien glimlag nie. Hulle offer hul eie tyd op om vir dae lank klere te pak, uit te sorteer en teen ‘n belaglike prys vir mense te kan gee wat nooit sal kan bekostig om in Woolworths of Edgars in te stap nie, laat staan nog klere te koop.



Mense wat een aand ‘n week of selfs hulle sepie-tyd opoffer om saam by die kerk of by hulle huise te bid. En die lys gaan aan en aan. “Ek is bevoorreg, geseënd” dink ek later. Die genade van God is groot oor ons gemeente, en mense waardeer dit……

“Dankie Here vir ‘n gemeente van bereidwillige mense. Dankie vir mense wat soos Jesus wil wees.”


*- Dirk Du Preez*



## 31 Mei 2025

# Basaar

Wat 'n wonderlike dag van saamkuier en samesyn!









# Ons stalletjies ...




Treintjie










Kinderkaskenades



Pannekoek






Vleis





Jaffels




Sosaties & Spit




Kerrie & Rys




Teetuin




Tuisgemaak




Koeldranke






Varkark

Lekkergoed




Tjaart Kruger het hierdie jaar die wen-koek gebak! Hy verseker my sy vrou het nie gehelp nie!







Klara Vermaak was die wenner van die Basaar Plakkaat kompetisie

# DANKIE AAN ELKEEN

voor en agter die skerms!









Wanneer ons die klere projek doen, en ek by die Linne tafel werk voel dit altyd vir my so spesiaal omdat ek my naaste kan help en sien hoe dankbaar hulle is daarvoor.

Al moet ons daardie duvet of laken 10 maal oop en toe vou gee dit altyd vir my soveel vreugde om te sien hoe gelukkig daardie dame is om dit te kry. Dit bly 'n voorreg om op daardie manier die Here te dien en dit is ook waar die Here naby aan my is, om Sy liefde aan alle mense uit te deel en 'n glimlag op elkeen se gesig te sien.



Dit is soos terapie, hoe meer jy kry hoe lekkerder is dit om te dien. Daarom geniet ek dit ook om elke Sondag na die erediens vir die gemeente tee en koffie te bedien, want elke glimlag is vir die Here bedoel. Want hoe meer ons gee, hoe meer ontvang ons terug.

- *Isabel van der Merwe*

Vanoggend word ek wakker en voel soos ‘n Shoprite plastieksak. Ja, ‘n Shoprite sak. Julle weet mos daar waar baie mense hulle inkopies doen, maar eintlik te skaam is om dit te erken. Sakke kom huistoe, word uitgepak en dan diep weggesteek om later in die kombuis asblik gebruik te word om al die kombuisafval in te gooi....



Laat ek verduidelik:
Binne die Shoprite sak is baie goed wat bruikbaar is, maar redelik gou opgebruik word. Mamma, ek voel nie lekker nie. Sal jy asseblief vir my ‘n grieppakkie kan koop? Mamma as jy kafee toe gaan sal jy asseblief sommer vir ons twee brode saambring? Mamma, hoe lyk dit met ‘n lekker pot sop? Mamma, mamma, mamma......
Ouma as jy weer winkel toe gaan, sal jy vir ons lollipops koop? Ouma, hoekom is die jogurt op? Ouma my karretjie is stukkend maak dit asseblief reg.... Oumies, wat kan ek doen? My skoondogter slaan my seun... Die lys gaan aan en aan en aan en die Shoprite sakkie word al hoe dunner en al hoe platter..... Want niemand vervang wat hulle daaruit haal nie.......
Ek maak my oë toe en sit net by God. Bid nie, vra niks, sit net in stilte.....
Meteens tref dit my:
In God se oë is ek nie ‘n Shoprite sak nie! In Sy oë is ek ‘n Woollies sak! Nie ‘n plastiek ene nie, maar ‘n elegante lapsak wat baie meer kan dra as die Shoprite sak! Duur gekoop, gemaak om baie te dra, meer as wat ‘n Shoprite sakkie kan droom om te dra!
God sal die Woollies sak nooit oorlaai nie, Hy pak versigtig in, alles wat jy nodig het vir die dag... Hy help jou dra, dag vir dag, elke dag....
Sorgsaam en versigtig, met groot deernis en omgee sorg Hy dat jou sak nie te vol word nie en dat jy altyd is staat sal wees om te dra wat ookal oor jou pad kom.......... Al sit twyfel soms vlak.
Prys Sy Naam!


- *Anoniem*



# Care Group Etes

Wat beteken dit vir my?
My betrokkenheid vul my met 'n ontsaglike gevoel van dankbaarheid. Ek is dankbaar om 'n glimlag op iemand anders se gesig te sit. 'n Bord kos beteken vir baie mense ongelooflik baie, maar net so baie mense aanvaar dit as vanselfsprekend.
Ek is dankbaar om hierdie liefdestaak saam met 'n wonderlike groep mense te kan doen.
Die gevoel om HOM op hierdie manier te kan dien is ongelooflik vervullend.
- *Hester Erasmus*







Baie geluk aan oom Pat en tannie Irma Wait met jul huweliksbevestiging!  Dankie dat ons as gemeente dit saam met julle kon beleef.



# WELKOM AAN ONS NUWE DOOPLIDMATE

**20 April 2025** -
Imke Zhana Du Preez

**27 April 2025** -
Gideon Cooper Meiring

**27 April 2025** -
Joshua Gideon Oosthuizen



# ‘n Gemeente wat doen.

Hoe lyk ‘n gemeente wat doen? Nie altyd ‘n maklike antwoord nie, want daar is baie wat gemeentes kan doen. Iemand het op huisbesoek gevra wat gaan ek doen na aftrede? Ek gaan nog werk as tentmaker hier, maar ook rondpreek as ek gevra word. Hy wou weet wat is ‘n tentmaker? Dit is iemand wat op eie onkostes dien. Ek kon sien dit het nie vir daardie gesin gewerk nie. As jy werk moet jy betaal word.

Wat my laat vra … vir wie doen ek wat ek doen? Vir wie het ek byvoorbeeld jaffels gebak by die basaar? Vir wie of vir wat staan ek in die koue op (dis mos nou winter) om erediens toe, biduur toe en nou ook die Pinksterdienste by te woon. Ek hoef mos nie daar te wees nie.

Vandag deel ek sommer net ‘n stukkie getuienis uit my eie hart uit.

Die woorde van die Here tref my, woorde so reg aan die einde van die Bergrede waar Hy ‘n vergelyk trek tussen mense wat Sy woorde hoor en daarvolgens handel en mense wat hoor, maar nie daarvolgens handel nie. Ek praat nou van Matteus 7:24 en verder, die huis op sand gebou en die huis op rots gebou.

Doen, of om Jesus se woorde te gebruik, handel, gaan oor aksie. Om in beweging te kom. Om woorde te vat en daardie woorde toe te laat om jou in beweging te bring. In beweging na die biduur. In beweging na die erediens.

Ek is gek oor die benaming wat die samelewing in die eerste hoeveel jaar na die uitstorting van die Heilige Gees die gelowiges genoem het. Mense van die Weg. Dit is eers veel later wat gelowiges Christene genoem is. Miskien het ons iets verloor sedert ons nie meer mense van die Weg is nie, mense wat in beweging is saam met Christus oppad na ander mense of na God toe. Mense wat een honderd persent ingekoop het op Jesus wat die Weg en die Waarheid en die Lewe is en jy kan dit sien in hoe hulle, ons, reis, leef.

Toe ek nog in die gevangenis een oggend per week godsdienswerk gedoen het, het ek geleer die gevangenes praat nie van kerk toe gaan nie, maar wel van so en so loop kerk. Ek hou van die gedagte van ek loop kerk, ek beweeg na die plek van aanbidding en lofprysing. Die kerk (gelowiges) wat beweeg na die eredienste toe. Die kerk (gelowiges) wat in beweging kom om God te eer.



En dit is wat ek op ‘n Sondag in die erediens beleef. Ons kom in beweging om ons eer te kom bring aan die Here ons God vir Wie ons so baie lief is. Dit is ‘n doen ding. Ons bring die eer aan God. Ons verloën onsself en kom gee onsself ook op hierdie manier aan God saam met ander mense van die Weg.

Ek beleef dit waar ek op die stoele sit (hier is mos nie kerkbanke nie), hoe stukkende mense en ter dood veroordeeldes wat genade gevind het saam by God kom sit (beweging/doen) omdat God ook hier is en God dit so wil hê. Ons kom nie vir die dominee nie, jammer dominee, ons kom om van ons kant af eer te bring aan ons hemelse Vader. Dis ons ding wat ons graag doen hier in Deneysville.

Soos ek op God fokus, my kritiese self stilmaak en myself oopstel vir God, raak ek bewus, hier is Iets meer, Iemand meer in die gebou, in die sang.

As iemand wat self so baie vergewe is hoor ek die Psalmboek my voorreg eggo om hier saam te mag wees. In Psalm 5: 8:

8 Maar ek, ek mag deur u groot liefde in u huis ingaan en in u heilige tempel buig met die eerbied wat aan U verskuldig is. Psalms 5:8

Ek hoor, of dan ek voel aan, ‘n verwondering hier in my dat ek, selfs ek, mag in God se huis ingaan. Dit alles omrede Sy groot liefde. En ek is verwonderd hieroor al is die gebou in 28 Main straat net ‘n gewone steen geboutjie, ‘n beskeie saal, voel ek steeds te midde van al die ander daar, vir daardie oomblik (of uur) God is hier en ek kan die liefde in my hart en die eer wat ek Hom wil toesing, om voeg tot ‘n groter geruis saam met ander se stemme.

So sit ek in ‘n Dinsdagaand biduur. Dirk is besig in Psalm 116: 9: 9 “Ek kon voor die Here bly wandel in die land van die lewendes.” Weer, kom die verwondering in my op dat ten spyte van alles wat in ons lewens en om ons uitspeel, kon ons voor die Here bly wandel. Die bril wat ek op het laat my vers 9 met verwondering lees. Anders as wat die digter dalk bedoel het, raak ek verwonderd oor die voorreg om ook my liefde (kyk gerus na vers 1) te kan doen.


Ek beleef in die erediens en in die biduur dat God my inwag en in my doenig raak. Die onlangse dankdiens, Psalm 63. “Ek wil by U in die heiligdom wees om daar u mag en grootheid te ondervind. 4 U troue liefde is meer werd as die lewe; daarom sal ek U prys. 5 Ek sal U my lewe lank loof, my hande ophef om u Naam te prys. Psalm 63:3-5

So kom ons in beweging, want ons harte smag daarna om by God te wees, in Sy heiligdom, in die bidure, orals waar ons is wil ons net by U wees Here. Kom ons as Sy gemeente, God s’n, nie die mense s’n nie, kom in beweging en wees doeners, daag op by bidure, vergaderings, eredienste, en , en .....al is dit koud of al is ek besig met eksamen, of al is ek hoe moeg, watter verskoning ek het en kom ons wees saam “doeners” hier in God se Koninkryk in Deneysville!!

Ons is mense van die Weg, Sy kinders en dit is alles net genade en ‘n groot voorreg.

*- Carlie Schiel*

**Ons is mense van die Weg.**





# WAT DIT VIR MY BETEKEN OM ELKE SONDAG IN DIE EREDIENS TE MAG WEES.....

Klompie jare terug het iemand my gevra hoekom ek elke Sondag kerk toe gaan, een of twee Sondae is seker mos genoeg? ‘n Sensus daai jaar het uitgewys dat Christene gemiddeld 2 Sondae ‘n maand erediens bywoon. En ekself het begin wonder, hoekom ek hierdie groot behoefte het om elke Sondag in die erediens te wees.
Na ‘n stukkie selfondersoek het ek by die volgende gevolgtrekking uitgekom en voel na al die jare nog presies dieselfde...


Ja, ek gaan kerk toe om lekker saam te sing, die gemeenskap van die gelowiges, my dankoffer te bring en om ‘n inspirerende boodskap te kry, maar ek het toe besef dat my eintlike rede is dat ek nie kan bekostig om op God se seën uit te mis nie! Want heel aan die begin van die erediens word die seëngroet oor my (en oor almal teenwoordig) uitgespreek en die erediens word afgesluit met die seën voor ons huis toe gaan! En ek het besef dat my week heel skeef gaan verloop as ek nie God se seën ontvang nie. In moeilike situasies waarin ons ons almal maar een of ander tyd bevind, het ek geweet dat God in beheer is, dat Hy my sal beskerm, my sal vrede gee, my gebede sal verhoor.... Want Hy het dit aan my beloof toe ek Sondag uit die erediens uit geloop het! Wat ‘n voorreg! En nee, dis nie die dominee wat dit sê nie, dit kom direk uit God se Woord en ek glo dit met my hele hart! En ek het dit nodig om dit week na week te hoor......anders vergeet ek dit. Met verjaarsdae word gesê mag die Here jou seën, en ons hou van die gedagte. Wel elke Sondag in die erediens is soos 'n “Verjaarsdag”, want ek ontvang die Here se seën. Dankie dat ek ook hierdie getuienis met jou kon deel. Luister en besef opnuut weer volgende Sondag as jy in die erediens is, dat God se seën ook vir jou bedoel is!

– *Marisa Schiel*

**Somtyds DOEN ons deur net saam te kuier en daar te wees vir mekaar.**



**#komkuier**



# WAARNA KAN JY UITSIEN DIE KWARTAAL?

## JUNIE 2025

**15** – Vadersdag
**22** – Nagmaal
**25** – Kategese Fliek Aand

## JULIE 2025

**27** – Teelepelete

## AUGUSTUS 2025

**10** – Nagmaal
**29** – Gholfdag

Sien jou daar!